# RPO Markverslag

## Week 07 van 2026

Week geëindig op 13 Februarie 2026






**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 13 Feruarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R40.33 | 2.1% | -1.8% | 19.5% |
| A2 (R/kg) | R62.54 | -2.7% | -3.9% | 13.0% |
| B2 (R/kg) | R56.30 | -4.2% | -7.2% | 13.1% |
| C2 (R/kg) | R55.75 | -1.6% | -7.8% | 18.5% |

# Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 7 met 2.1% gestyg teenoor die vorige week en is tans 19.5% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n huidige lae aanbod van speenkalwers in die mark. Die verwagting is dat die prys in ‘n dalende tendens kan ingaan vanaf Maart soos speentyd aanbreek. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Maart ongeveer R39/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R35/kg en nie hoër as R45/kg behoort te wees nie.




# A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 7 met 2.7% gedaal teenoor die vorige week en is tans 13% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue hoër aanbod van en swakker vraag na karkasse in die mark. Die verwagting is dat die prys weer kan begin styg vanaf Maart tot April. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Maart ongeveer 67/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R60/kg en nie hoër as R75/kg behoort te wees nie. Let op dat die prys tans wel baie laer is as die voorspelde prys en kan die prys dus meer na die onderste grens van die voorspelde prys neig.

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

# RPO Markverslag


## Week 07 van 2026

Week geëindig op 13 Februarie 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 13 Feruarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R48.94 | 6.3% | -2.3% | 19.0% |
| A2 (R/kg) | R102.19 | -1.1% | -7.6% | 3.1% |
| B2 (R/kg) | R80.47 | -1.4% | -5.0% | 13.1% |
| C2 (R/kg) | R81.01 | -0.2% | -2.4% | 21.2% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 7 skerp gestyg en was 6.3% hoër as die vorige week en ongeveer 19% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die skerp styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n laer aanbod van lammers in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou tot in Junie soos die aanbod op stoorlammers verminder in hierdie tydperk. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Maart ongeveer R51/kg te wees, terwyl dit nie laer as R46/kg en nie hoër as R58/kg behoort te wees nie. Let op dat die prys die afgelope paar weke heelwat wipplank gery het en dit veroorsaak dat die prys moontlik effens laer kan wees as die voorspelde prys en dus meer neig na die onderste grens van die voorspelde prys.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 7 met 1.1% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 3.1% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n hoër aanbod op lamkarkasse in die mark en `n swakker vraag. Die verwagting is dat die prys ‘n dalende tendens kan volhou tot in April en moontlik weer in Mei kan begin styg. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Maart ongeveer R110/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R99/kg en nie hoër as R122/kg behoort te wees nie. Let op dat die huidige prys heelwat laer is as die voorspelde prys en dat die prys meer neig na die onderste grens van die voorspelde prys.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO